Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE KOMITEEKAMER: KORPORATIEWE DIENSTE OP DONDERDAG, 14 JUNIE 2018 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Snr Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste, me S de Jongh
Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdv M S I Goliath.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER

Die voorsitter spreek sy dank uit teenoor amptenare – met spesifieke vermelding van die Munisipale Bestuurder, die Direkteur: Beskermingsdienste en personeel en mnr S Arendse – vir elkeen se bydrae en dapperheid om die veiligheid van die gemeenskap te verseker tydens die onlangse onluste in die Riebeek Vallei.

Die voorsitter betoon sy medelye met die Moslem-gemeenskap met die moord op datum van twee aanbidders in die Moskee op Malmesbury en dra die boodskap van die Moslem-leiers oor dat die saak met kalmte en vrede ondersoek moet word.

Die voorsitter meld die stygende damvlakke in die Weskaap en spreek sy dankbaarheid uit teenoor die reën wat die afgelope tyd geval het. Die Voëlvleidam se vlak is tans op 25.9%.

VIR KENNISNAME

4./...

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 23 MEI 2018

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 23 Mei 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 6 JUNIE 2018

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 6 JUNIE 2018

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGING VAN DIE RAAMWERK VIR DIE IMPLEMENTERING VAN PRESTASIE-BESTUUR (2/4/2)

Die doel van die raamwerk is om die implementering van die Munisipaliteit se prestasiebestuurstelsel te fasiliteer. Prestasie-inligting is die sleutel tot effektiewe bestuur insluitende beplanning, begroting, implementering, monitering en verslagdoening.

Sedert die raamwerkdokument op 15 Mei 2013 goedgekeur is, is daar verskeie wysigings aangebring. Die voorsitter, met spesifieke verwysing na die bo-perk bepalings en beperkings van die Regulasies vir die Aanstelling en Aanstellingsvoorwaardes van Senior Bestuurders, noem dat die Raad nie akkoord gaan nie. Daar moet nog steeds gepoog word om binne die wetgewende vereistes 'n markverwante salaris aan senior bestuurders te betaal, ten einde kundigheid te behou.

BESLUIT dat die gewysigde Raamwerk vir die Implementering van Prestasiebestuur goedgekeur word.

7.2 VOORLEGGING VAN 2018/2019 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN –PLANNE (2/4/2)

Die prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2018/2019 finansiële jaar is opgestel ooreenkomstig Artikel 57 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 2000 en dien as 'n vervangende addendum tot die aanstellingskontrakte van die Munisipale Bestuurder en direkteure.

7.2/...

BESLUIT dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2018/2019 finansiële jaar.

7.3 VOORLEGGING VAN DIE 2018/2019 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die doel van die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die SDBIP moet, onder andere, die volgende insluit:
- projeksies vir elke maand van (1) inkomste wat ingevorder gaan word, per bron en (2) bedryfs- en kapitaaluitgawes per pos;
- diensleweringsteikens en prestasie-aanwysigings vir elke kwartaal.

BESLUIT dat die aangehegte 2018/2019 Dienslewering- en Begroting-implementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word.

7.4 NOTULE VAN 'N MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 FEBRUARIE 2018 (5/15/1/3)

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 21 Februarie 2018 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die notule van 'n Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 21 Februarie 2018.

7.5 BLOUVLAG STATUS: YZERFONTEIN STRAND (9/1/3/2/1, 17/10/R)

'n Studie is deur Yzerfontein Toerisme onderneem insake die voordele wat blouvlag status vir Yzerfontein kan inhou. Blouvlag strande word gekoördineer deur WESSA (*Wildlife and Environment Society of South Africa*) en uit die aangehegte voorlegging deur Yzerfontein Toerisme is die voordele, onder andere, internasionale blootstelling deur notering en erkenning daarvan deur die Wêreld Toerisme Organisasie, mediadekking, invloed op keuse van vakansiebestemming, bevordering van toerisme, toewyding aan omgewingsopvoeding, en so meer.

BESLUIT

(a) Dat die Blouvlag vir Yzerfontein as loodsprojek vir die 2018/2019 seisoen goedgekeur word;

(b) Dat die bedrag van R88 500.00 in die begroting vir Blouvlag doeleindes aangewend word.

7.6 GOEDKEURING VAN DIE GEWYSIGDE TELEKOMMUNIKASIEBELEID (4/7/2/1)

Die Snr Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste, me S de Jongh, wys die enkele wysiging aan die beleid uit insake die keuse wat 'n amptenaar het om versekering vir sy/haar selfoon uit te neem, al dan nie.

BESLUIT dat die wysiging aan die Telekommunikasiebeleid goedgekeur word vir implementering met ingang van 1 Julie 2018.

7.7 SWARTLAND RAMP-RISIKO ASSESSERING (17/5/B)

'n Eksterne diensverskaffer, *Luticento*, is deur die Provinsiale Rampbestuursentrum aangestel om ingevolge die SABS 31010-standaard 'n ramprisiko assessering vir die

7.7/...

Swartland munisipale area te doen. Die assessiering moet ingevolge vermelde standaard elke drie jaar hersien word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die 2017/2018 Swartland Ramp Risiko-evaluering asook die instemming van al die departemente om as deel van hul daaglikse take aandag te gee aan ramprisiko vermindering;

(b) Dat verder kennis geneem word van die grootste risiko's wat vir die Swartland munisipale area in die 2017/2018 ramp risiko-evaluering geïdentifiseer is, naamlik:
- Droogte
- Indringerspesies
- Onderbreking in watervoorsiening
- Vloede
- Seismiese aktiwiteite
- Veldbrande
- Dieresiektes
- Grondbesetting
- Protesoptoge

(c) Dat die 2017/2018 Swartland Ramp Risiko-evaluering vir die Swartland munisipale area goedgekeur word.

7.8 HERSIENING VAN DIE RAMPBESTUURSPLAN VIR SWARTLAND (17/5/B)

Die doelstelling van die Swartland Rampbestuursplan is, onder andere, om toe te sien dat rampbestuur aandag geniet in die strategiese en operasionele beplanning van alle lynfunksies binne die Munisipaliteit.

Die plan moet jaarliks hersien word ten einde relevante inligting op datum te bring. Die plan sluit ook die ramprisiko's in soos na verwys in item 7.7.

Die voorsitter versoek dat dorpskaarte as aanhangsels tot die Rampbestuursplan vir Swartland ingesluit word ten einde akkuraat te kan bepaal waar die ramp plaasvind, en in geval van 'n brand, of dit 'n struktuur- of veldbrand is.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die 2018 hersiende Rampbestuursplan asook die instemming van al die departemente om as deel van hul daaglikse take aandag te gee aan ramprisiko vermindering;

(b) Dat die 2018 hersiende Rampbestuursplan vir die Swartland munisipale area goedgekeur word, met die toevoeging van die onderskeie dorpsplanne as aanhangsel, sowel as die onderneming dat die plan jaarliks hersien sal word om sodoende seker te maak dat die inhoud altyd relevant en op datum is;

(c) Dat, soos deur die Rampbestuurswet voorgeskryf, 'n afskrif van die goedgekeurde hersiende plan voorsien word aan die Weskus Rampbestuursentrum, Provinsiale Rampbestuursentrum sowel as die Nasionale Rampbestuursentrum.

7.9 SWARTLAND VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS: PERMANENTE IMPLEMENTERING VAN SKOFTE (17/5/3/B)

Die voorgestelde skofstelsel vir die Verkeer- en Wetstoepassingsdiens is met ingang van 1 Julie 2017 vir 'n toetsperiode van een jaar geïmplementeer.

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat die hoofdoelstelling van die skofstelsel is om ook 'n effektiewe verkeer- en wetstoepassingsdiens na-ure te kan lewer.

7.9/...

Die voorgestelde skofstelsel is met die onderskeie vakbonde onderhandel en is daar finaal op die Arbeidsforum van 12 April 2018 ooreengekom dat die skofstelsel vir goedkeuring aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die voorgestelde skofstelsel geen finansiële implikasies vir die Raad inhou nie;

(b) Dat die voorgestelde skofstelsel soos met die sakelys gesirkuleer vir die Verkeer- en Wetstoepassingsdiens permanent met ingang van 1 Julie 2018 geïmplementeer word.

7.10 SOSIALE ONTWIKKELINGSBELEID EN STRATEGIESE AKSIEPLANNE VAN DIE INTERNE SOSIALE ONTWIKKELINGSKOMITEE (17/2/2)

Die voorsitter behandel die onderskeie aksieplanne wat uit die Ontwikkelingsbeleid en –Strategie voortspruit. Alhoewel daar baie klem die afgelope tyd geplaas is op die RSEP-projekte, sal daar ook aandag gegee moet word aan die ander aksieplanne, spesifiek met verwysing na die aksieplan aangaande toeganklikheid van Swartland Munisipaliteit vir persone met ‘n gestremdheid.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste bespreek enkele hoogtepunte uit die aksieplanne, onder andere, die onderskeie departemente se betrokkenheid om die aksieplanne te laat realiseer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die vordering gemaak met die implementering van die aksieplanne ingevolge die Sosiale Ontwikkelingsbeleid;

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die toevoeging van die *Integrated Care for the Environment*-aksieplan;

(c) Dat kennis geneem word van die finansiële implikasies vir die implementering van die (1) *Disability Accessibility*-aksieplan en die (2) *Integrated care for the Environment*-aksieplan en dat daar tydens die meerjarige begrotingsproses oorweging aan die befondsing van hierdie aksieplanne gegee word;

(d) Dat ’n Vroeë Kinderontwikkelingwerksessie met amptenare en raadslede gereël word om rolverdelings en ’n gedeelde visie te ontwikkeling vir Vroeë Kinderontwikkeling ten einde die Munisipaliteit se grondwetlike mandaat ingevolge Skedule 4B van die Grondwet van Suid-Afrika te ondersteun;

(e) Dat ’n vergadering gereël word met eksterne rolspelers (Departement van Maaskaplike Dienste, Weskus Distriksmunisipaliteit) om ’n volhoubare plan vir die ontwikkeling van Vroeë Kinderontwikkelingfasiliteite op te stel;

(f) Dat die item vir kennisname aan die Portefeuljekomitees voorgelê word met insluiting van die inligting vanaf die Departement: Siviele Ingenieursdienste insake toeganklikheid van munisipale kantore vir persone met ’n gestremdheid;

(g) Dat kennis geneem word dat daar ’n werkwinkel met raadslede gereël sal word wat deur mnr Jeremy Opperman van die Departement van Sosiale Ontwikkeling (*Disability Desk*) gefasiliteer sal word met die doel om ’n strategiese plan op te stel insake die hantering van persone met gestremdhede (*disability confident*).

7.11 MUNISIPALE BEHUISINGSPYPLYN INGEVOLGE DIE RAAD SE MENSLIKE NEDERSETTINGSPLAN (17/4/2/B)

Die behuisingspyplyn word jaarliks aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê as bron om die Departement van Menslike Nedersettings in kennis te stel van die behuisingsbehoefte in die munisipale area.

Die voorsitter spreek sy kommer uit dat die behuisingspyplyn, in ag genome die DORA-toekennings teenoor die werklike behuisingsbehoeftes, verwagtinge mag skep.

BESLUIT

(a) Dat die voorgestelde Munisipale Behuisingspyplyn terugverwys word, aangesien die aanduiding van fondse op die pyplyn verwagtinge mag skep;

(b) Dat kennis geneem word dat 'n nie-winsgewende organisasie (NGO) deur die Departement van Menslike Nedersettings aangestel sal word om die profilering te doen van inwoners van Sibanye Square wat die volgende insluit, naamlik:
- of die persoon op die waglys is;
- hoe lank die persoon op die waglys is;
- ouderdom;
- inkomstegroep;

(c) Dat daar met die Departement van Menslike Nedersettings ooreengekom word om die aanstelling van die NGO uit te brei om ook profilering te doen van alle agterplaasbewoners in die onderskeie dorpe.

7.12 DERDE WYSIGING VAN DIE 2017/2018 MIG-GEDAILLEERDE PROJEKIMPLE-MENTERINGSPLAN (5/9/2/6/1)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat daar 'n besparing van R738 500.00 op die Chatsworth Sportgronde-projek gerealiseer het wat aan ander projekte geherallokkeer moet word om 'n 100% MIG-spandering te verseker.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die besparing van R738 500.00 wat met die implementering van Fase 1 van die Chatsworth Sportgronde-projek ontstaan het as gevolg van boetes betaalbaar deur die kontrakteur en besparings gedurende die konstruksiefase;

(b) Dat, ten einde 'n 100% MIG-spandering te bewerkstellig, die besparing van R738 500.00 aan reeds bestaande MIG-projekte geallokeer word wat daartoe in staat sal wees om die addisionele fondse op te neem;

(c) Dat die volgende projekte en begrotings vir die gewysigde MIG-projek-implementeringsplan vir die 2017/2018 finansiële jaar goedgekeur word:

Nr	Project	Budget	
1	Rehabilitate Water Networks *(WC1287/W/14/17)*	R	3 989 630.00
2	Malmesbury De Hoop: New Reservoir *(WC/1649/W/16/19)*	R	639 922.43
3	Malmesbury De Hoop: External Sewer *(WC/1650/S/16/20)*	R	10 833 184.00
4	New Sports Grounds: Chatsworth *(WC1605/CF/16/18*)	R	4 809 155.00
5	Riebeek West IRDP: Ext. Stormwater *(ST/WC/14499/17/19)*	R	2 877 940.00
6	Riebeek West Housing, Ext Water *(ST/WC/1689/W/17/19)*	R	622 060.00
7	Moorreesburg WWTW upgrade *(269989)*	R	836 108.57
	TOTAL	**R**	**24 608 000.00**

(d) Dat die gewysigde MIG-projekimplementeringsplan voorsien word aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake.

7.13 BELEIDSBEPALINGS INSAKE DIE VERHURING VAN SALE (17/9/B)

Dit beleid insake die Verhuring van Sale het ten doel om die benutting van die onderskeie sale in die munisipale gebied te reguleer.

BESLUIT

(a) Dat die Beleidsbepalings insake die Verhuring van Sale onveranderd bly en weer oor twaalf maande hersien sal word;

(b) Dat die Beleidsbepalings insake die Verhuring van Sale vir kennisname aan die Portefeulje-komitees voorgelê word.

7.14 UITSTAANDE DEBITEURE: MEI 2018

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Mei 2018.

7.15 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: MEI 2018 (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Mei 2018 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.16 AFSKRYF VAN BATES TEN DOEL OM DIT VAN DIE BATEREGISTER TE VERWYDER MET BETREKKING TOT VERSEKERINGEISE (5/14/3/5)

Die instandhouding van die bateregister word ingevolge Artikel 63 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 vereis. 'n Lys van bates wat as gevolg van 'n versekeringseis afgeskryf en gevolglik van die bateregister verwyder kan word, is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat goedkeuring verleen word dat die verlore bates ten bedrae van R21 438.41 afgeskryf en dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word.

7.17 AANNAME VAN WATERDIENSTE OUDITVERSLAG VIR 2016/2017 (16/1/1/B)
7.18 WATER BEWARING- EN AANVRAAGBESTUURSTRATEGIE (16/1/1/B)
7.19 AANNAME VAN AFVALWATER RISIKO VERMINDERINGSPLAN (16/1/1/B)

Die voorsitter reël dat items 7.17 tot 7.19 gesamentlik hanteer word, aangesien dit reeds aan die Portefeuljekomitees op 6 Junie 2018 voorgelê was vir aanbeveling aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Dit word derhalwe –

BESLUIT dat die Waterdienste Ouditverslag vir 2016/2017, Waterbewaring- en Aanvraagbestuurstrategie en die Aanvaarding van die *Wastewater Risk Abatement Plan* onderskeidelik goedgekeur word.

7.20 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: NOOD HERSTEL AAN DIE *MACERATOR*, MALMESBURY RIOOLSUIWERINGSWERKE (8/1/B/2)

Die *macerator* is 'n uiters noodsaaklike komponent van die rioolaanleg wat verhoed dat enige ongewenste materiaal die pompe, kleppe en membraanstelsel beskadig.

Die *macerator* het meganies onklaar geraak en 'n kwotasie is verkry vir die dringende herstel daarvan.

7.20/...

BESLUIT

(a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om toestemming te verleen vir die herstel van die *macerator* by die Malmesbury Rioolsuiweringswerke deur *GW Trautman* vir die bedrag van R139 432.45 (BTW ingesluit);

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
   (i) die *macerator* sou vir 'n lang tydperk buite werking gewees het;
   (ii) voormelde sou aanleiding gee tot die onafwendbare beskadiging van meganiese toerusting verder aan in die proses;
   (iii) die herstel van die *macerator* is dus as 'n noodgeval hanteer;

(c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R139 432.45 (BTW ingesluit) verreken word teen mSCOA pos: 9/2239-57-1041;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.21 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: NOOD HERSTEL AAN ONGEGUND RESERVOIR (8/1/B/2)

'n Ernstige lekkasie is gevind tydens 'n roetine ondersoek op 28 Mei 2018 by die Ongegund Reservoir wat 'n waterverlies van 12kl per dag beloop het. Gegewe die ernstige droogte en die feit dat die waterverlies kon toeneem as gevolg van die lekkasie wat vererger het, is 'n dringende kwotasie vir herstelwerk aangevra.

Om 'n reservoir waterdig te maak vereis spesifieke tegniese deskundigheid en 'n kwotasie is vanaf N2 Consulting (Able Sealing and Waterproofing) aangevra vir die dringende herstel daarvan.

BESLUIT

(a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om toestemming te verleen om die Ongegund Reservoir waterdig te laat maak deur N2 Consulting teen 'n bedrag van R171 273.10 (BTW ingesluit);

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
   (i) die lekkasie by die Ongegund Reservoir het gelei tot onaanvaarbare waterverliese;
   (ii) die voortslepende droogte en watertekorte het dit genoodsaak om die lekkasie dringend te herstel en die reservoir waterdig te maak;
   (iii) deur die normale verkrygingsproses te volg sou die waterverlies onaanvaarbaar gewees het;
   (iv) die herstel van die Ongegund Reservoir is dus as 'n noodgeval hanteer;

(c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R171 273.10 (BTW ingesluit) verreken word teen mSCOA pos: 9/249-679-259;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.22 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: NOOD HERSTEL AAN DIE DAK BOKANT DIE STADSAAL SE KOMBUIS (8/1/B/2)

'n Lek in die dak bokant die stadsaal se kombuis is op 9 Mei 2018 aan die Afdeling: Geboue en Strukture gerapporteer. Die lek was ook direk bokant die hoof elektriese skakelbord en die elektroniese telefoon-/kommunikasiestelsel van die Munisipaliteit wat rampspoedige gevolge sou hê as water die stelsels binne sou dring.

Met die jaarlikse inspeksie van die buitekant van die dakoppervlakte deur die Afdeling: Geboue en Strukture is geen moontlikhede vir lekkasies opgespoor nie. 'n Interne inspeksie het egter die probleme uitgewys en met die reënseisoen voorhande is daar besluit om die herstelwerk dringend af te handel.

BESLUIT

(a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om toestemming te verleen vir die herstel van die lekkasie en gedeeltelike vervanging van die dak bokant die Malmesbury Stadsaal se kombuis teen 'n bedrag van R59 276.75 (BTW ingesluit);

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:
   (i) die lekkasie bokant die kombuis van die Malmesbury Stadsaal het nie net 'n bedreiging ingehou vir 'n waterlekkasie na die elektriese skakelbord en elektroniese telefoon-/kommunikasiestelsel van die Munispaliteit nie, maar ook die beskadiging van plafonne;
   (ii) die dringende herstelwerk van daklek en gedeeltelike vervanging van die dak was noodsaaklik om elektriese kortsluitings en lewensverliese te voorkom en verdere beskadiging van plafonne;
   (iii) die herstel van die daklek en gedeeltelike vervanging van die dak was dus as 'n noodgeval hanteer;

(c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R59 276.75 (BTW ingesluit) verreken word teen mSCOA pos: 9/217-167-45;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.23 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN MOBIELE POMPE VIR VOORSIENING VAN WATER TYDENS NOOD (8/1/B/2)

Die Swartland munisipale area is op 28 Junie 2017 deur die Uitvoerende Burgemeester as 'n rampgebied verklaar weens die voortslepende droogte. Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het verder 'n rampbestuursplan goedgekeur wat uit drie fases bestaan wat ten doel het om die impak van die droogte en die volhoubare voorsiening van drinkwater voortydig aan te spreek.

Een van die aksies voortspruitend uit die rampbestuursplan is om 'n pompstelsel in plek te hê wanneer die damvlak Voëlvleidam onder 12,5% daal en die Swartland-inlaatwerke nie meer van water voorsien kan word nie. Alhoewel die Departement van Waterwese verantwoordelik is vir die pompstelsel om water vanuit die Voëlvleidam na die hoërliggende Swartland-inlaatwerke te pomp, het die gebeure op 12 Februarie 2018 toe die Misverstanddam byna leeggeloop het en Saldanhabaai Munisipaliteit sonder drinkwater sou wees, gewys dat bykomende mobiele pompe noodsaaklik is.

BESLUIT

(a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om toestemming te verleen vir die aankoop van twee dieselaangedrewe mobiele pompstelsels teen 'n bedrag van R1 607 685.00 (BTW ingesluit);

7.23/...

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:

(i) die gebreke aan die pompstelsel soos geïmplementeer deur die Departement van Waterwese is op 12 Februarie 2018 opgemerk toe die geaffekteerde munisipaliteit (Saldanhabaai) addisionele mobiele pomptoerusting uit eie hulpbronne beskikbaar gestel het om 'n algehele staking in watervoorsiening te vermy;

(ii) 'n soortgelyke pompstelsel moet voor 11 April 2018 deur die Departement van Waterwese in die Voëlvleidam vir Swartland Munisipaliteit geïmplementeer word wanneer die damvlak die kritiese 12,5% bereik en die natuurlike vloei van water na die inlaatwerke nie meer moontlik sal wees nie;

(iii) Swartland Munisipaliteit moet dus voortydig gereed wees vir 'n herhaling van die gebeure op 12 Februarie 2018 met die implementering van die Voëlvleidam nood pompstelsel deur die Departement van Waterwese;

(iv) Swartland Munisipaliteit beskik nie oor die nodige mobiele pomptoerusting nie;

(v) Ten einde die risiko te mitigeer en algehele staking van watervoorsiening te voorkom was dit noodsaaklik om twee mobiele pompstelsels met die nodige kapasiteit aan te koop;

(c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R1 415 700.00 (BTW uitgesluit) verreken word teen mSCOA pos: 9/105-109-128: Watervoorsieningskema-mitigering;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.24 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT AS GEVOLG VAN DIE DROOGTE (17/5/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester het op 28 Junie 2017 die Swartland munisipale area tot 'n rampgebied verklaar weens die erns van die aanhoudende droogte en die water skaarste wat ondervind word.

Die aanvanklike verklaring is geldig vir 'n periode van drie maande, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

Die situasie het intussen nog nie verander nie, en is 'n verlenging van die verklaring nodig om nasionale en provinsiale ondersteuning te verkry in oplossings om volgehoue watervoorsiening te verseker.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland munisipale gebied tot 'n plaaslike ramp weens die aanhoudende droogte met gepaardgaande water skaarste verleng vanaf 11 Julie 2018 tot 10 Augustus 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.25 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BRAND BY SWARTLAND HOSPITAAL(17/5/1/1)

Die verklaring/...

7.25/...

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot ’n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir ’n periode van drie maande van krag, waarna dit op ’n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot ‘n plaaslike ramp verleng vanaf 29 Junie 2018 tot 29 July 2018;

(b) Dat ‘n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot ‘n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.26 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE EN AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

Die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder moet deur die Uitvoerende Burgemeester oorweeg word. Die aangehegte skedule bevat ook die verlof van die res van die direkteure met die doel om ‘n waarnemende munisipale bestuurder aan te wys.

BESLUIT

(a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae goedgekeur word, naamlik:
- 2 – 9 Julie 2018 (6 dae)

(b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gedurende voormelde tydperk sal waarneem as Munisipale Bestuurder, en indien, om welke rede ookal die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste nie beskikbaar is nie, die Direkteur: Korporatiewe Dienste sal waarneem.

7.27 AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULDE: MEI 2018 (5/7/3)

Die Raad het ’n verantwoordelikheid op grond van die rekenkundige raamwerk om finansiële inligting te openbaar en aan te bied wat ’n ware weergawe is van die Raad se finansiële posisie. “General Recognised Accounting Practice Standard 104“ (Financial Instruments – GRAP 104) vereis ook dat as daar ’n duidelike aanduiding is dat uitstaande bedrae nie ontvang sal word nie, veral in die geval van geregistreerde deernishuishoudings, dit afgeskryf moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R2 291 846.32 ten opsigte van deernishuishoudings, afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R560 448.24 ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afgeskryf word as oninvorderbaar soos per die individuele redes;

(c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R519 988.21 ten opsigte van Legal Suite, afgeskryf word as oninvorderbaar;

(d)/…

7.27/…

(d) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R219 152.73 ten opsigte van Rente en ander gelde afgeskryf word;

(e) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat ‘n gedeelte van die skuld of die totale skuld van ‘n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(f) Dat, indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is ‘n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(g) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(h) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(i) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemaak was, weer tydens die volgende vergadering van die komitee voorgelê sal word;

(j) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;

(k) Dat die Kredietbeheerafdeling poog om besoeke aan die deernishuishoudings te bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installeering van ‘n waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas;

(l) Dat verdere goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beampte die kostes van die Deernistoekenning sal verhaal;

(m) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van toekomstige pogings om aansluitings te beperk in ‘n poging om verbruikers te dwing om die nodige dienste aansluitings te kom teken;

(n) Dat die lyste vir afskrywing ten opsigte van deernishuishoudings aan die onderskeie wyksraadslede voorsien word om deur te werk en dat die lyste aan óf die Direkteur: Finansiële Dienste óf die Uitvoerende Burgemeester voorsien word;

7.27/…

(o) Dat, in die geval waar skulde afgeskryf word weens watervermorsing by deernishuishoudings, ‘n “restrictor” by die aansluiting geïnstalleer word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER